



OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

1/- Wednesday, 1st May, 1940. WINDHOEK Woensdag, 1 Mei 1940. No. 844

CONTENTS.

	Page.
Act —	
No. 13, 1940 (Union). War Measures Act, 1940	2688
Government Notices —	
No. 601 (Union). National Emergency Regulations: Control of Exports (Films, Photographs, etc.)	2690
No. 60. Village Management Board of Karasburg: Appointment of Member	2690
No. 61. Magistrates, Grootfontein and Keetmanshoop: Appointments as	2690
No. 62. Native Commissioners, Magisterial Districts of Grootfontein and Keetmanshoop: Appointments as	2691
No. 63. Immigration Officer, Walvis Bay: Appointment as	2691
No. 64. Native Labour Regulations: Amendment of	2691
No. 65. Village Management Board of Grootfontein: Appointment of Member	2691
No. 66. Declaration as Political Organization	2691
No. 67. Sealing Regulations: Amendment of	2692
No. 68. Commissioners of Oaths for South West Africa: Appointment as	2692
No. 69. Naturalization: Amendment of Government Notice No. 34 of 1940	2692
General Notices —	
No. 24. List of Farms under quarantine as at 10th April, 1940	2693
No. 25. Co-operative Society removed from the Register	2693
Advertisements —	
Estate Notices, etc., etc.	2694

INHOUD.

	Bladsy.
Wet —	
No. 13, 1940 (Unie). Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940	2688
Goewermentskennisgewings —	
No. 601 (Unie). Landsnoodtoestand-Regulasies: Beheer van Uitvoer (Films, Foto's, ens.)	2690
No. 60. Dorpsbestuursraad van Karasburg: Benoeming van Lid	2690
No. 61. Magistrate, Grootfontein en Keetmanshoop: Aanstellings as	2690
No. 62. Naturellekommissarisse, Magistraatsdistrikte Grootfontein en Keetmanshoop: Aanstellings as	2691
No. 63. Immigrasiebeampte, Walvisbaai: Aanstelling as	2691
No. 64. Naturelle-arbeid-Regulasies: Wysiging van	2691
No. 65. Dorpsbestuursraad van Grootfontein: Benoeming van Lid	2691
No. 66. Verklaring as Politieke Organisasie	2691
No. 67. Robbevings-Regulasies: Wysiging van	2692
No. 68. Kommissarisse van Ede vir Suidwes-Afrika: Aanstelling as	2692
No. 69. Naturalisasie: Wysiging van Goewermentskennisgewing No. 34 van 1940	2692
Algemene Kennisgewings —	
No. 24. Lys van plase onder kwarantyn op 10 April 1940	2693
No. 25. Koöperatiewe Vereniging van die Register geskrap	2693
Advertensies —	
Boedelkennisgewings, ens., ens.	2694

No. 13, 1940 (Union).]

ACT

TO VALIDATE CERTAIN PROCLAMATIONS ISSUED BY THE GOVERNOR-GENERAL; TO INDEMNIFY THE GOVERNMENT AND PERSONS ACTING UNDER ITS AUTHORITY IN RESPECT OF ACTS DONE IN GOOD FAITH IN DEFENCE OF THE UNION, THE MAINTENANCE OF PUBLIC ORDER AND THE PROSECUTION OF THE WAR; TO REMOVE CERTAIN DISABILITIES TO WHICH CERTAIN PERSONS HAVE BECOME OR MAY BECOME SUBJECT BY REASON OF SERVICE IN THE DEFENCE OF THE UNION.

(Signed by the Governor-General in Afrikaans.)
(Assented to 8th April, 1940.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—

“defence forces” means the military, air and naval forces of the Union, and includes any other force or service established by or under the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912), or any regulation referred to in section two;

“Union” includes the mandated territory of South-West Africa.

2. The proclamations mentioned in the Schedule to this Act and the regulations promulgated thereby are hereby validated, and shall be deemed to have had the force of law as from the dates on which they were respectively published in the *Gazette*: Provided that sub-regulations (3) and (5) of regulation 8 of the regulations promulgated by Proclamation No. 201, 1939, dated the fourteenth day of September, 1939, shall be deemed to have come into operation on the sixth day of September, 1939, and that the last sentence of regulation 19 and regulations 20, 21, 22 and 23 of the regulations promulgated by the said Proclamation shall not have effect after the commencement of this Act in respect of acts done after that commencement: Provided further that sub-regulation (5) of regulation 15 of the said regulations shall be construed as if the words “and for the trial by an officer designated by such rules of any contravention of or failure to comply with such rules, and for the review of the proceedings at any such trial” were added at the end thereof: Provided further that regulation 33 added to the said regulations by Proclamation No. 316, 1939, dated the seventh day of December, 1939, shall be construed as if sub-regulation (2) thereof reads as follows:

“(2) The committee shall consist of the Secretary for Commerce and Industries, who shall be chairman of the committee, the chairman of the South African Shipping Board, the Chief Traffic Manager of the Railway Administration, the Commissioner of Customs and Excise, and the secretary of the South African Shipping Board and any other persons whom the said Minister may appoint as members of the committee by reason of their knowledge of and experience in shipping matters”.

and provided further that paragraph (a) of sub-regulation (1) of regulation 17 of the said regulations shall be construed as if in the Afrikaans version thereof for the words between the words “uitgevaardig is of” and the word “vervals” the words “heet uitgevaardig te wees” were substituted.

No. 13, 1940 (Unie).]

WET

OM SEKERE PROKLAMASIES WAT DEUR DIE GOEWERNEUR-GENERAAL UITGEVAARDIG IS, TE BEKRAGTIG; OM DIE REGERING EN PERSONE WAT INGEVOLGE SY GESAG GEHANDEL HET, TE VRYWAAR MET BETREKKING TOT HANDELINGE WAT TE GOEDER TROU VERRIG IS VIR DIE VERDEDIGING VAN DIE UNIE, DIE HANDHAWING VAN DIE OPENBARE ORDE EN DIE VOORTSETTING VAN DIE OORLOG; OM SEKERE ONBEOEGDHEDE WAARAAN SEKERE PERSONE ONDERHEWIG GEWORD HET OF KAN WORD UIT HOOFDE VAN DIENS TER VERDEDIGING VAN DIE UNIE, OP TE HEF.

(Deur die Goewerneur-generaal in Afrikaans geteken.)
(Goedgekeur op 8 April 1940.)

DIT WORD BEPAAL deur sy Majesteit, die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

„verdedigingsmag”, die land-, lug- en seemagte van die Unie, en sluit dit in elke ander mag of diens ingestel deur of kragtens die „Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912” (Wet No. 13 van 1912), of ’n regulasie bedoel in artikel twee;

„Unie”, ook die mandaatgebied Suidwes-Afrika.

2. Die proklamasies vermeld in die Bylae tot hierdie Wet en die daarby uitgevaardigde regulasies word hiermee bekragtig, en word geag die krag van wet te gehad het vanaf die datums waarop hulle respektiewelik in die *Staatskoerant* gepubliseer was: Met dien verstande dat sub-regulasies (3) en (5) van regulasie 8 van die regulasies wat by Proklamasie No. 201, 1939, gedateer die veertiende dag van September 1939, uitgevaardig is, geag word in werking te getree het op die sesde dag van September 1939 en dat die laaste sin van regulasie 19 en regulasies 20, 21, 22 en 23 van die by gemelde Proklamasie uitgevaardigde regulasies na die inwerkingtreding van hierdie Wet nie ten opsigte van handelingte verrig na bedoelde inwerkingtreding regs-geldig sal wees nie: Met dien verstande voorts dat sub-regulasie (5) van regulasie 15 van gemelde regulasies uitgelê word asof die woorde „en bepalinge bevat vir die verhoor deur ’n by bedoelde reglemente aangewese amptenaar van ’n oortreding van bedoelde reglemente of ’n versuim om daaraan te voldoen, en vir die hersiening van die verrigtings van so ’n verhoor” aan die end daarvan toegevoeg was: Met dien verstande voorts dat regulasie 33 wat aan gemelde regulasies by Proklamasie No. 316, 1939, gedateer die sewende dag van Desember 1939 toegevoeg was, uitgelê word asof sub-regulasie (2) daarvan as volg gelui het:

„(2) Die komitee bestaan uit die Sekretaris van Handel en Nywerheid, wat voorsitter van die komitee is, die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Skeepvaart-raad, die Hoofverkeersbestuurder van die Spoorweg-administrasie, die Kommissaris van Doeane en Aksyns, die sekretaris van die Suid-Afrikaanse Skeepvaart-raad, en ander persone wat die Minister op grond van hul kennis en ondervinding van skeepvaartangeleenthede as lede van die komitee mag aanstel”;

en met dien verstande voorts dat paragraaf (a) van sub-regulasie (1) van regulasie 17 van gemelde regulasies uitgelê word asof die woorde tussen die woorde „uitgevaardig is of” en die woord „vervals” deur die woorde „heet uitgevaardig te wees” vervang was.

3. (1) No proceedings, whether civil or criminal, shall be brought in any court of law against—
- (a) the Governor-General; or
 - (b) any member of the Executive Council of the Union; or
 - (c) the Administrator or any member of the Executive Committee of a province or of the mandated territory of South-West Africa or any member of the Advisory Council of that territory; or
 - (d) any officer of the defence forces; or
 - (e) any person employed by the Government of the Union; or
 - (f) any person acting by the direction or with the consent of any person mentioned in the preceding paragraphs of this sub-section,

by reason of any act in good faith advised, commanded or done by him after the fifth day of September, 1939, and before the commencement of this Act, with intent to provide for the defence of the Union, to maintain public order and to ensure the effective prosecution of the war in which the Union is engaged at that commencement.

(2) If in any proceedings brought against any person referred to in sub-section (1) the question arises whether any act advised, commanded or done by him was advised, commanded or done by him in good faith, it shall be presumed, until the contrary is proved, that that act was advised, commanded or done by him in good faith.

4. For the purposes of section *sixty-five* of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), no person shall be deemed to have held or to hold any office of profit by reason of the fact that he has been or is a member of the defence forces on or after the sixth day of September, 1939.

5. (1) The name of a person who is or has been a member of the defence forces shall not be excluded from the list for any electoral division of persons qualified to vote at any election of members of the House of Assembly or of any provincial council, or of the Legislative Assembly for the mandated territory of South-West Africa, and any such person shall not be disqualified from voting at any such election, by reason of the fact that he was absent from that division at any time or during any period, if his absence was due to his serving with the defence forces: Provided that no person shall be registered as a voter in more than one division.

(2) The claim of any such person to have his name included in any such list, and any declaration in connection with such a claim, may be signed by any adult person on his behalf.

6. This Act shall apply to the mandated territory of South-West Africa and the port and settlement of Walvis Bay.

7. (1) This Act, with the exception of section *three* and section *six* (in so far as it applies to section *three*), shall expire on a date to be fixed by the Governor-General by proclamation, which date shall not be later than six months after the date which the Governor-General may by proclamation declare to be the date on which the Union ceased to be at war.

(2) The expiry of this Act shall not affect the operation thereof as regards previous acts or omissions.

8. This Act shall be called the War Measures Act, 1940.

3. (1) Geen proses, hetsy siviël of strafregtelik word in 'n geregshof ingestel teen—
- (a) die Goewerneur-generaal; of
 - (b) 'n lid van die Uitvoerende Raad van die Unie; of
 - (c) die Administrateur of 'n lid van die Uitvoerende Komitee van 'n provinsie of van die mandaatgebied Suidwes-Afrika of 'n lid van die Adviserende Raad van daardie gebied; of
 - (d) 'n offisier van die verdedigingsmag; of
 - (e) iemand in diens van die Unie-regering; of
 - (f) iemand wat op las of met toestemming van iemand in die voorgaande paragrawe van hierdie sub-artikel genoem, handel,

weens 'n handeling wat na die vyfde dag van September 1939 en voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, deur hom te goeder trou aangeraai, beveel of verrig is, met die bedoeling om vir die verdediging van die Unie voorsiening te maak, die openbare orde te handhaaf en die doeltreffende voortsetting van die oorlog, waarin die Unie tydens bedoelde inwerkingtreding betrokke is, te verseker.

(2) Indien by 'n proses ingestel teen 'n in sub-artikel (1) vermelde persoon, die vraag ontstaan of 'n handeling wat deur hom aangeraai, beveel of verrig is, deur hom te goeder trou aangeraai, beveel of verrig is, word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat daardie handeling deur hom te goeder trou aangeraai, beveel of verrig is.

4. By toepassing van artikel *vyf-en-sestig* van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), word iemand nie geag 'n winsbetrekking te beklee het of te beklee nie uit hoofde van die feit dat hy op of na die sesde dag van September 1939 lid was of is van die verdedigingsmag.

5. (1) Die naam van 'n persoon wat lid is of was van die verdedigingsmag word nie uit die lys vir 'n kiesafdeling van persone wat bevoeg is om by 'n verkiesing van lede van die Volksraad of 'n provinsiale raad of van die Wetgewende Vergadering van die mandaatgebied Suidwes-Afrika te stem, uitgesluit nie, en so 'n persoon is nie onbevoegd om by so 'n verkiesing te stem nie, uit hoofde van die feit dat hy op enige tydstip of gedurende enige tydperk afwesig was van sodanige kiesafdeling, indien sy afwesigheid te wyte was aan die feit dat hy by die verdedigingsmag gedien het: Met dien verstande dat niemand in meer as een afdeling as kieser geregistreer word nie.

(2) Die aanspraak van so 'n persoon op opname van sy naam in so 'n lys en elke verklaring in verband met so 'n aanspraak kan namens hom deur enige volwassene geteken word.

6. Hierdie Wet is van toepassing op die mandaatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai.

7. (1) Met uitsondering van artikel *drie* en artikel *ses* (wat betref die toepassing daarvan op artikel *drie*), tree hierdie Wet uit werking op 'n datum wat deur die Goewerneur-generaal by proklamasie vasgestel word, watter datum nie later as ses maande na die datum wat die Goewerneur-generaal by proklamasie as die datum verklaar waarop die Unie opgehou het om in 'n oorlog betrokke te wees, mag wees nie.

(2) Die uitwerkingtreding van hierdie Wet raak nie die werking daarvan wat betref vorige doen of late nie.

8. Hierdie Wet heet die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940.

SCHEDULE.

Proclamations Validated by Section two.

Number of proclamation.	Date of proclamation.
201, 1939	September 14, 1939.
205, 1939	September 18, 1939.
210, 1939	September 27, 1939.
211, 1939	September 27, 1939.
212, 1939	September 25, 1939.
234, 1939	October 9, 1939.
242, 1939	October 12, 1939.
252, 1939	October 25, 1939.
253, 1939	October 21, 1939.
263, 1939	October 25, 1939.
279, 1939	November 7, 1939.
287, 1939	November 11, 1939.
294, 1939	November 23, 1939.
295, 1939	November 23, 1939.
309, 1939	December 5, 1939.

B Y L A E .

Proklamasies deur Artikel twee bekragtig.

Nommer van proklamasie.	Datum van proklamasie.
201, 1939	14 September 1939.
205, 1939	18 September 1939.
210, 1939	27 September 1939.
211, 1939	27 September 1939.
212, 1939	25 September 1939.
234, 1939	9 Oktober 1939.
242, 1939	12 Oktober 1939.
252, 1939	25 Oktober 1939.
253, 1939	21 Oktober 1939.
263, 1939	25 Oktober 1939.
279, 1939	7 November 1939.
287, 1939	11 November 1939.
294, 1939	23 November 1939.
295, 1939	23 November 1939.
309, 1939	5 Desember 1939.

316, 1939	December 7, 1939.
317, 1939	December 5, 1939.
318, 1939	December 7, 1939.
334, 1939	December 20, 1939.
3, 1940	December 19, 1939.
4, 1940	January 6, 1940.
28, 1940	February 8, 1940.
30, 1940	February 15, 1940.
31, 1940	February 15, 1940.
32, 1940	February 15, 1940.
33, 1940	February 15, 1940.
34, 1940	February 14, 1940.
35, 1940	February 14, 1940.

316, 1939	7 Desember 1939.
317, 1939	5 Desember 1939.
318, 1939	7 Desember 1939.
334, 1939	20 Desember 1939.
3, 1940	19 Desember 1939.
4, 1940	6 Januarie 1940.
28, 1940	8 Februarie 1940.
30, 1940	15 Februarie 1940.
31, 1940	15 Februarie 1940.
32, 1940	15 Februarie 1940.
33, 1940	15 Februarie 1940.
34, 1940	14 Februarie 1940.
35, 1940	14 Februarie 1940.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

D. D. FORSYTH,
Secretary for South West Africa,

Office of the Administrator,
Windhoek.

No. 601 (Union.) [12th April, 1939.]

NATIONAL EMERGENCY REGULATIONS.—CONTROL OF EXPORTS (FILMS, PHOTOGRAPHS, ET CETERA).

I, RICHARD STUTTAFORD, in my capacity of Minister of Commerce and Industries, do hereby, under the powers vested in me by sub-regulation (3) of Regulation 8bis of the National Emergency Regulations promulgated by Proclamation No. 334 of 1939, prohibit any person from exporting from the Union of South Africa or the Mandated Territory of South West Africa, after the date of publication of this notice in the *Gouvernement Gazette*—

- any undeveloped photographic film to any territory outside the said Union and the said Mandated Territory except the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland and France;
- any undeveloped photographic film to the said United Kingdom or France except through the post; and
- any developed photographic film or any printed film or photograph or any map, plan, sketch, drawing, print or other descriptive or pictorial representation of any place or thing to any territory outside the said Union and the said Mandated Territory except the said United Kingdom and France by other means than through the post, except upon the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by me or by an official duly authorized by me to act on my behalf.

R. STUTTAFORD,
Minister of Commerce and Industries.

No. 60.] [1st May, 1940.]

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF KARASBURG: APPOINTMENT OF MEMBER.

The Administrator has been pleased in terms of section eight, sub-section (2) of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), to appoint Mr. WILLIAM HENRY ANDREWS as a member of the Village Management Board of Karasburg vice Mr. L. H. Brecher, resigned.

No. 61.] [1st May, 1940]

The Administrator has been pleased to make the following appointments:—

NORMAN COURTENAY TANNER

to be Magistrate for the district of Grootfontein vice Mr. D. I. H. R. Meintjes transferred, with effect from the 30th March, 1940;

DAVID IZAK HENDRIK RYK MEINTJES

to be Magistrate for the district of Keetmanshoop vice Mr. P. H. de Villiers transferred, with effect from the 1st April, 1940.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

D. D. FORSYTH,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek,

No. 601 (Unie.) [12 April 1940.]

LANDSNOODTOESTAND-REGULASIES.—BEHEER VAN UITVOER (FILMS, FOTO'S, EN SO VOORTS).

Ek, RICHARD STUTTAFORD, in my hoedanigheid as Minister van Handel en Nywerheid, en kragtens die bevoegdheid my verleen by subregulasie (3) van regulasie 8bis van die Landsnoodtoestand-regulasies, uitgevaardig by Proklamasie No. 334 van 1939, verbied hierby enigeen om na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant*, vanaf die Unie van Suid-Afrika of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika—

- enige onontwikkelde fotografiese film na enige gebied buite die genoemde Unie en Mandaatgebied, behalwe na die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en Frankryk, uit te voer;
- enige onontwikkelde fotografiese film na die genoemde Verenigde Koninkryk of Frankryk uit te voer, behalwe deur die pos; en
- enige ontwikkelde fotografiese film of enige gedrukte film of foto of enige landkaart, plan, skets, tekening of afdruk of ander beskrywende of geïllustreerde voorstelling van enige plek of ding na enige gebied buite die genoemde Unie en Mandaatgebied, behalwe die genoemde Verenigde Koninkryk en Frankryk, op 'n ander wyse as deur die pos uit te voer, behalwe op gesag van en onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in 'n permit uitgereik deur my of deur 'n beampte vir wie ek behoorlik gemagtig het om namens my op te tree.

R. STUTTAFORD,
Minister van Handel en Nywerheid.

No. 60.] [1 Mei 1940.]

DORPSBESTUURSRAAD VAN KARASBURG: BENOEMING VAN LID.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel 8, subartikel (2) van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie No. 16 van 1937), Mnr. WILLIAM HENRY ANDREWS as lid van die Dorpsbestuursraad van Karasburg, in die plek van Mnr. L. H. Brecher, wat bedank het, te benoem.

No. 61.] [1 Mei 1940.]

Dit het die Administrateur behaag om die volgende aanstellings te maak:—

NORMAN COURTENAY TANNER

om Magistraat vir die distrik Grootfontein te wees in die plek van mnr. D. I. H. R. Meintjes wat verplaas is, met ingang vanaf 30 Maart 1940;

DAVID IZAK HENDRIK RYK MEINTJES

om Magistraat vir die distrik Keetmanshoop te wees in die plek van mnr. P. H. de Villiers wat verplaas is, met ingang vanaf 1 April 1940.

No. 62.]

[1st May, 1940.

The Administrator has been pleased under the powers conferred upon him by sub-section (2) of section *four* of the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation No. 15 of 1928), to appoint the following officers as Native Commissioners for the areas set opposite their respective names, with effect from the dates specified:—

AS NATIVE COMMISSIONERS.

Name.	Area for which appointed.	Date.
NORMAN COURTENAY TANNER	Magisterial district of Grootfontein.	30.3.40.
DAVID IZAK HENDRIK RYK MEINTJES	Magisterial district of Keetmanshoop.	1.4.40

No. 63.]

[1st May, 1940.

The Administrator has been pleased to assign to the undermentioned person the duties of Immigration Officer at the place set opposite his name, with effect from the 6th April, 1940, for the purpose of the Immigration Regulation Proclamation, 1924:—

ALFRED JOHN MURRAY at WALVIS BAY.

No. 64.]

[1st May, 1940.

The Administrator has been pleased, under the powers vested in him by Proclamation No. 3 of 1917, as amended, to make the following regulation as an addition to and to be read as one with the regulations contained in Government Notice No. 26 dated the 17th January, 1925:—

55. Regulation 40 of the regulations contained in Government Notice No. 26 dated the 17th January, 1925, is hereby repealed and the following new regulation substituted therefor:—

“Every employer shall arrange adequate hospital accommodation for the care and treatment of sick and injured native labourers in his employ, and shall provide for the comfortable and expeditious conveyance of such native labourers to hospital, and for their proper and regular medical attendance. Such accommodation, conveyance and attendance, shall be arranged to the satisfaction of the competent authority, within one month after an employer commences operations falling under the provisions of the Proclamation.”

No. 65.]

[1st May, 1940.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF GROOTFONTEIN:
APPOINTMENT OF MEMBER.

The Administrator has been pleased in terms of sub-section (2) of section *eight* of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), to appoint Mr. VICTOR FRANZ MEYER of Grootfontein, as a member of the Village Management Board of Grootfontein, vice Mr. A. Koll, resigned.

No. 66.]

[1st May, 1940.

DECLARATION AS POLITICAL ORGANIZATION.

Under and by virtue of the powers in me vested in terms of the provisions of section *two* of the South West Africa Affairs Proclamation, 1937 (Proclamation by the Governor-General No. 51 of 1937), I do hereby declare and make known that the organisation mentioned in the Schedule hereto shall be declared to be a political organisation for the purposes of section *four* of the said Proclamation, and that the fixed date for and in respect of the said organization shall be the 1st day of June, 1940.

SCHEDULE.

Nasionale Party van Suidwes-Afrika (Herenigde Nasionale of Volksparty).

D. G. CONRADIE,
Administrator of South West Africa.

No. 62.]

[1 Mei 1940.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens die bevoegdhede hom verleen deur subartikel (2) van artikel *vier* van die Naturelle-Administrasie-Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 15 van 1928), die volgende amptenare as Naturelle-kommissarisse vir die gebiede aan te stel wat langs hul respektiewe name verskyn met ingang vanaf die vermelde datums:—

AS NATURELLEKOMMISSARISSE.

Naam.	Gebied waarvoor aangestel.	Datum.
NORMAN COURTENAY TANNER	Magistraatsdistrik Grootfontein.	30.3.40.
DAVID IZAK HENDRIK RYK MEINTJES	Magistraatsdistrik Keetmanshoop.	1.4.40

No. 63.]

[1 Mei 1940.

Dit het die Administrateur behaag om aan die onderstaande persoon die pligte van 'n Immigrasiebeampte op die plek wat langs sy naam verskyn, toe te ken met ingang vanaf 6 April 1940, vir die doel van die “Proklamasie tot Regeling van Immigrasie 1924”:—

ALFRED JOHN MURRAY te WALVISBAAI.

No. 64.]

[1 Mei 1940.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens die bevoegdhede hom verleen deur Proklamasie No. 3 van 1917, soos gewysig, die volgende regulasie op te stel as 'n byvoeging tot en om saamgelees te word met die regulasies in Goewermentskennisgewing No. 26 van 17 Januarie 1925 bevat:—

55. Regulasie 40 van die regulasies in Goewermentskennisgewing No. 26 van 17 Januarie 1925 bevat, word hiermee herroep en deur die volgende nuwe regulasie vervang:—

“Ieder werkgewer moet reëlings tref vir geskikte hospitaalakkommodasie vir die versorging en behandeling van siek en beseerde naturelle-arbeiders in sy diens, en moet voorsiening maak vir die gerieflike en spoedige vervoer van sodanige naturelle-arbeiders na die hospitaal, en vir 'n geskikte en gereëld besoek van hulle deur 'n geneesheer. Vir sodanige akkommodasie, vervoer en behandeling moet reëlings getref word tot bevrediging van die bevoegde outoriteit binne een maand nadat 'n werkgewer werksaamhede begin wat onder die bepalings van die Proklamasie val.”

No. 65.]

[1 Mei 1940.

DORPSBESTUURSRAAD VAN GROOTFONTEIN:
BENOEMING VAN LID.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (2) van artikel *agt* van die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1937 (Ordonnansie No. 16 van 1937), mnr. VICTOR FRANZ MEYER van Grootfontein, as lid van die Dorpsbestuursraad van Grootfontein in die plek van mnr. A. Koll, wat bedank het, te benoem.

No. 66.]

[1 Mei 1940.

VERKLARING AS POLITIEKE ORGANISASIE.

Ingevolge en kragtens die bevoegdhede my verleen ooreenkomstig die bepalings van artikel *twee* van die Proklamasie op Suidwes-Afrikaanse Sake, 1937 (Proklamasie van die Goewerneur-Generaal No. 51 van 1937), verklaar ek hiermee bekend dat die organisasie in die Bylae opgenoem verklaar is 'n politieke organisasie te wees vir die doeleindes van artikel *vier* van die vermelde Proklamasie, en dat die vasgestelde datum vir en ten opsigte van die vermelde organisasie die 1ste dag van Junie 1940 is:—

BYLAE.

Nasionale Party van Suidwes-Afrika (Herenigde Nasionale of Volksparty).

D. G. CONRADIE,
Administrateur van Suidwes-Afrika.

No. 67.]

[1st May, 1940.

AMENDMENT OF SEALING REGULATIONS.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *fifteen* of the Sealing and Fisheries Proclamation, 1922 (Proclamation No. 18 of 1922), as amended by the Sealing and Fisheries Law Amendment Ordinance, 1928 (Ordinance No. 1 of 1928), the Sealing and Fisheries Further Amendment Proclamation, 1928 (Proclamation No. 23 of 1928), and the Sealing and Fisheries Further Amendment Proclamation, 1936 (Proclamation No. 1 of 1936), to make the following regulation as an amendment to and to be read as one with the regulations published under Government Notice No. 88 of the 1st June, 1928, as amended by Government Notice No. 4 of 1929, No. 94 of 1934, No. 59 of 1935, No. 79 of 1937, No. 219 of 1937 and No. 149 of 1938:—

REGULATION.

22. Notwithstanding the provisions of Regulation *six*, the royalty in respect of seal skins obtained in the Magisterial area of Omaruru, including the territorial waters belonging to the said area, during the 1939 season, shall, in respect of skins exported or transferred to any person for purposes of export, be waived.

No. 68.]

[1st May, 1940.

COMMISSIONERS OF OATHS.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *two* of the Commissioners of Oaths Proclamation, 1928 (Proclamation No. 24 of 1928), to appoint the undermentioned officers of the S.W.A. Command as Commissioners of Oaths during pleasure with jurisdiction throughout the areas set opposite their respective names with effect from the 1st December, 1939:—

Lt.-Col. Christian Andries Brink van Coller:	The whole Territory.
Captain Hendrik Cornelis van Diggelen:	The whole Territory.

No. 69.]

[1st May, 1940.

NATURALIZATION.

It is hereby notified for general information that the correct names of the following entry in the list published under Government Notice No. 114 of the 31st August, 1925, of subjects of the late Enemy Powers who have become naturalized in terms of the provisions of sub-section (1) of section *two* of the South West Africa Naturalization of Aliens Act, 1924 (Act No. 30 of 1924), are as published hereunder and not as published in the said Government Notice as amended by Government Notice No. 34 of the 1st March, 1940:—

No. 1700. LÜNSMANN, Hermann Dietrich.

No. 67.]

[1 Mei 1940.

WYSIGING VAN ROBBEVANGS-REGULASIES.

Dit het die Administrateur behaag om, op grond van en kragtens die bevoegdheede hom verleen deur artikel *vyftien* van "De Robbenvangst en Visserijen Proklamatie 1922" (Proklamasie No. 18 van 1922), soos gewysig deur die Robbevangs en Visseryewet-Wysigings-Ordonnansie 1928 (Ordonnansie No. 1 van 1928), die Robbevangs en Visserye Verdere Wysigings-Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 23 van 1928) en die Robbevangs en Visserye Verdere Wysigingsproklamasie 1936 (Proklamasie No. 1 van 1936), die volgende regulasie op te stel as 'n wysiging van en om saamgelees te word met die regulasies gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 88 van 1 Junie 1928, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 4 van 1929, No. 94 van 1934, No. 59 van 1935, No. 79 van 1937, No. 219 van 1937 en No. 149 van 1938:—

REGULASIE.

22. Nieteenstaande die bepalings van regulasie *ses*, sal van die here-aandeel ten aansien van robbevelle in die magistraatsgebied van Omaruru verkry, met inbegrip van die territoriale water wat aan bedoelde gebied behoort, gedurende die 1939 seisoen ten aansien van die velle wat uitgevoer word of aan enigiemand vir doeleindes van uitvoer oorgedra word, afstand gedoen word.

No. 68.]

[1 Mei 1940.

KOMMISSARISSE VAN EDE.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *twee* van die Kommissarisse van Ede Proklamasie 1928 (Proklamasie No. 24 van 1928), die hier ondergenoemde offisiere van die S.W.A. Kommandement as Kommissarisse van Ede aan te stel vir so lang as wat dit hom behaag met regsbevoegdheid in die gebiede wat langs hul respektiewe name verskyn, met ingang vanaf 1 Desember 1939:—

Lt.-kol. Christian Andries Brink van Coller:	Die hele Gebied.
Kaptein Hendrik Cornelis van Diggelen:	Die hele Gebied.

No. 69.]

[1 Mei 1940.

NATURALISASIE.

Hiermee word vir algemene inligting bekend gemaak dat die juiste name van die volgende inskrywing op die lys gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 114 van 31 Augustus 1925 van onderdane van die voormalige vyandige moondhede wat as Britse onderdane genaturaliseer is kragtens die bepalings van sub-artikel (1) van artikel *twee* van die "Zuidwest-Afrika Naturalisatie van Vreemdelingen Wet, 1924" (Wet No. 30 van 1924), is soos hieronder gepubliseer en nie soos gepubliseer in vermelde Goewermentskennisgewing soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 34 van die 1ste Maart 1940 nie:—

No. 1700. LÜNSMANN, Hermann Dietrich.

General Notices.

Algemene Kennisgewings.

(No. 24 of 1940.)

(No. 24 van 1940.)

The following is published for general information:—

Die volgende word vir algemene inligting gepubliseer:—

LIST OF FARMS UNDER QUARANTINE AS AT
10TH APRIL, 1940.

LYS VAN PLASE ONDER KWARANTYN OP
10 APRIL 1940.

ANTHRAX.

MILTSIEKTE.

GOBABIS: Mackenzie

GOBABIS: Mackenzie.

BLACKQUARTER:

SPONSSIEKTE:

GOBABIS: Kunemus, Blumenau No. 58, Nuisie No. 376.

GOBABIS: Kunemus, Blumenau No. 58, Nuisie No. 376.

KARIBIB: Ukuib.

KARIBIB: Ukuib.

OKAHANDJA: Okakango Ranch, Frankenhof.

OKAHANDJA: Okakango Ranch, Frankenhof.

OMARURU: Omapyu 73/74, Etendero 95, Okongue 94.

OMARURU: Omapyu 73/74, Etendero 95, Okongue 94.

OTJIWARONGO: Okaue South, Waterberg East Native Reserve, Otjosongombe.

OTJIWARONGO: Okaue Suid, Waterberg Oos Naturelle-reserwe, Otjosongombe.

GROOTFONTEIN: Kududam.

GROOTFONTEIN: Kududam.

OUTJO: Palafontein.

OUTJO: Palafontein.

WINDHOEK: Ongos.

WINDHOEK: Ongos.

CONTAGIOUS ABORTION

BESMETLIKE MISGEBOORTE.

GOBABIS: Yellowbank.

GOBABIS: Yellowbank.

DOURINE.

SLAPSIEKTE.

GROOTFONTEIN: Hohentwiel.

GROOTFONTEIN: Hohentwiel.

WINDHOEK: Keres.

WINDHOEK: Keres.

J. G. WILLIAMS,
Senior Veterinary Surgeon.

J. G. WILLIAMS,
Hoofveearts.

Windhoek,
10th April, 1940.

Windhoek,
10 April 1940.

(No. 25 of 1940.)

(No. 25 van 1940.)

It is notified for general information that the name of the undermentioned Co-operative Society has been removed from the Register in terms of Section 52 of the Co-operation Proclamation No. 19 of 1922.

Dit word vir algemene inligting bekend gemaak dat die naam van die hierondervermelde Koöperatiewe Vereniging van die Register geskrap is ooreenkomstig Artikel 52 van die Koöperasie Proklamasie No. 19 van 1922.

H. W. BIRCH,
Registrar of Co-operative
Societies and Companies.

H. W. BIRCH,
Registrateur van Koöperatiewe
Verenigings en Maatskappye.

Windhoek, 17th April, 1940.

Windhoek, 17 April 1940.

No.	Name of Society / Naam van Vereniging	Date of Registration Datum van Registrasie	Removed / Geskrap
10.	"De Outjo Koöperatiewe Landbouw Vereniging".	12.4.1929.	20.12.39.

Advertisements.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA.

1. The *Official Gazette* will be published on the 1st and 15th day of each month; in the event of either of those days falling on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* will be published on the next succeeding working day.
2. Advertisements for insertion in the *Gazette* must be delivered at the office of the Secretary for South West Africa (Room 49, Government Buildings, Windhoek) in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the *ninth* day before the date of publication of the *Gazette* in which they are to be inserted.
